

## “The Supremacy of Christ” – Steve Murrell

8 Oktober 2017

### Groep notas

- UP. (Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy ‘n getuigenis van iets wat God gedoen het?)
- Lees die volgende Skrifte saam deur:

### Kolossense 1:15-23

Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. 16 God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. 17 Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. 18 Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.

19 God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon 20 en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

21 Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. 22 Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdadig sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. 23 Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

- Steve Murrell het die volgende stelling gemaak: “You are not the centre of the universe.” Hoe dink jy beïnvloed die volgende dinge mense se lewens: Selfsugtige persoonlike drome, selfsugtige begeertes, soeke na gemak en soeke na erkenning?
- :16 “Alles is deur Hom en vir Hom geskep.” Ons is “vir Hom” geskep. Wat dink jy is meeste mense om jou se lewensdoel? Waarvoor lewe hulle?
- Wat is jou lewensdoel? Waarvoor lewe jy?
- Ons is vir Hom geskep – dus is dit God se wil dat ons vir Hom moet lewe. Hoe dink jy doen ‘n mens dit prakties van dag tot dag, week na week, jaar na jaar?
- :18 “sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem”. Wat is in kompetisie met Jesus in jou lewe? Wat trek jou aandag van Hom af?
- Wat gaan jy doen om die dinge wat in kompetisie met Jesus staan in jou lewe uit die weg te kry?

# Bid vir mekaar.

# Bid vir vriende, familie en kollegas wat nog nie vir Jesus ken nie.